Vrae en Antwoorde

---

1. Vir watter ouderdomsgroepe maak u voorsiening?

Babas vanaf 3 maande tot kleuters wat 5 jaar oud word

2. Hoeveel klasse het julle?

Die skool het 10 klaskamers.

- Babas vanaf 3 maande – 9 maande
- Babas vanaf 9 maande – 16 maande
- Babas vanaf 16 maande – 24 maande (2 jaar)
- Kleuters vanaf 2 jaar totdat potjie opleiding voltooi is
- Kleuters 2 – 3 jaar (2 klasse)
- Pre-primêr Graad RRR 3 – 4 jaar (2 klasse)
- Pre-primêr Graad RR 4 – 5 jaar (2 klasse)

Neem asseblief kennis dat hierdie slegs 'n riglyn is. Individuele ontwikkeling word beoordeel en die kleuter sal ooreenkomstig geplaas word.

3. Wat is die skool se ure?

Die skool open om 6:45 en sluit om 17:30 van Maandag tot Vrydag.

4. Wanneer is die skool gesluit?

Publieke Vakansiedae. Indien die publieke vakansiedag op 'n Dinsdag of Donderdag val, sal die skool op die Maandag of Vrydag ook gesluit wees.

Die eerste week gedurende die Junie / Julie Gauteng skool vakansie, Maandag tot Vrydag.

Die skool sluit op die eerste Vrydag van Desember en heropen weer op die tweede Dinsdag in Januarie.

5. Wat moet ek inpak vir my baba of kleuter?

Doeke, melkformule, ten minste 2-3 ekstra stelle klere (beide somer en winter klere)

6. Moet ek enige voedsel inpak?

Geen voedsel hoef voorsien te word nie behalwe in die geval van allergië.

Ontbyt (warm pap), middagete (proteïen, stysel en seisoenale vrugte) asook twee versnapperings (9:30 en 14:30) word deur die skool voorsien.

7. Watse eetgoed word toegelaat vir verjaardag partytjies?

Koek of "cup cakes" asook partytjie pakkies is welkom. Maak asseblief seker dat daar genoeg is vir die hele klas.

8. Watter tale word by die skool gepraat?

Prinsies & Prinsessies is 'n tweetalige skool. Alle onderwyseresse is Afrikaans en is vlot in Engels.

Beide Afrikaans en Engels word gebruik in die klasse.

9. Watter kwalifikasies het die personeel?

Alle onderwysers by Prinsies & Prinsessies het 'n graad of diploma in onderwys.

10. Wat is die verhouding van personeel tot kinders?

- Baba klas: 3 – 9 maande…1 Onderwyser en 2 assistente
- Baba klas: 9 – 16 maande… 1 Onderwyser en 4 assistente
- Baba klas: 16 – 24 maande… 1 Onderwyser en 4 assistente
- Kleuters 24 maande totdat potjie opleiding voltooi is… 1 Onderwyser en 3 assistente
- Kleuters 2 – 3 jaar… 1 Onderwyser en 1 of 2 assistente
- Graad RRR 3 – 4 jaar… 1 Onderwyser en 1 assistent
- Graad RR 4 – 5 jaar… 1 Onderwyser

11. Het u half-dag fasiliteite?

Ouers is welkom om kinders af te haal voor of na slaaptyd. Daar is geen verskil in die fooie nie.

12. Maak u voorsiening dat kinders 2 of 3 dae per week kan bywoon?

2 of 3 dae per week is nie moontlik nie.

13. Prinsies & Prinsessies is 'n Christelike skool met Christelike norme en waardes.

14. Indien u enige ander vrae het wat nie deur bogenoemde beantwoord is nie, kontak ons via e-pos (Enquiry Tab) vir meer inligting.

Komplimente of klagtes sal binne 24 uur aandag geniet. Verskaf asseblief besonderhede van u kompliment of klagte.